

VRYSTAAT HOë HOF, BLOEMFONTEIN
(REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA)

AANSOEK NO: 772/2012

In die saak tussen:

FARMSECURE LIVESTOCK (EDMS) BEPERK

APPLIKANT

en

ABSA BANK

1STE RESPONDENT

BENJAMIN PETRUS VAN NIEKERK N.O.

2 DE RESPONDENT

MARIA VAN NIEKERK N.O.

3 DE RESPONDENT

(Tweede en Derde Respondente in hul

hoedanighede as trustees van die **BENNIE**

VAN NIEKERK BOERDERY TRUST, IT 119/2001)

JAN STEPHANUS HUGO

4 DE RESPONDENT

DIE BALJU VAN DIE HOOGGEREGSHOF

EN LANDDROSHOF, DISTRIK WINBURG

5 DE RESPONDENT

(MNR P W SMITH)

en

AANSOEK NO: 596/2012

In die saak tussen:

ABSA BANK BEPERK

APPLIKANT

en

<u>BENJAMIN PETRUS VAN NIEKERK N.O.</u>	1STE RESPONDENT
<u>MARIA VAN NIEKERK N.O.</u>	2 DE RESPONDENT
<u>FARMSECURE LIVESTOCK (EDMS) BEPERK</u>	3 DE RESPONDENT

AANGEHOOR OP: 24 AUGUSTUS 2012

UITSPRAAK DEUR: CLAASEN, WND R

GELEWER OP: 6 SEPTEMBER 2012

- [1] Hierdie is 'n aansoek om verlof om te appelleer teen die uitsprake in aansoek 596/2012 en aansoek 772/2012. In aansoek 596/2012 het Absa Bank Beperk aansoek gedoen om sy sekuriteit soos verleen deur die Bennie van Niekerk Boerdery Trust, kragtens notarieel algemeen verbande nommers BN3738/2007 en BN7428/2011, perfek te maak en die Balju gemagtig word om op die trust se roerende bates, tot 'n bedrag van R41 280 000,00 beslag te lê en aan Absa Bank Beperk te oorhandig. Farmsecure Livestock (Edms) Beperk het as 'n verdere Respondent tot die aansoek toegetree, is aldus gevoeg en het Farmsecure die aansoek opponeer.
- [2] In aansoek 772/2012 het Farmsecure Livestock (Edms) Beperk 'n aansoek teen onder andere Absa Bank Beperk geloods. Dat Absa Bank Beperk verbied word om met enige van die beeste wat met Farmsecure se geregistreerde brandmerk gemerk is en waarvan

Farmsecure die eienaar is, te handel en dat sodanige beeste aan Farmsecure oorhandig word.

- [3] Alle partye was dit eens dat die beeste versorg moes word en die wat markgereed is, bemark en verkoop moet word. Dat enige noemenswaardige vertraging katastrofiese finansiële verliese vir enige moontlike belanghebbende party tot gevolg sou hê. Alle partye het dadelik 'n uitspraak versoek. In beide sake is 'n ex tempore uitspraak gelewer en het die redes later gevolg. Absa Bank Beperk se aansoek is toegestaan en Farmsecure Livestock (Edms) Beperk se aansoek is afgewys.

- [4] Farmsecure Livestock (Edms) Beperk het in beide aansoeke aansoek gedoen om verlof om teen die uitsprake te appelleer. En stel hoofde is die oggend van die aanhoor van die aansoek om verlof om te appelleer, deur mnr. Duminy opgehandig. Die vraag in beide sake is of die beeste, waarop beslag gelê is, deel uitmaak van die trust se roerende bates. Die teenpool of die beeste met Farmsecure se brandmerk gemerk, die eiendom van Farmsecure is. Die samehang tussen die twee aansoeke berus op die eienaarskap van die betrokke beeste. Die bepalende vraag is of 'n ander Hof tot 'n ander gevolgtrekking mag kom as wat die Verhoorhof gekom het.

- [5] Die kerntoets vir verlof om te appelleer is of daar 'n redelike vooruitsig op sukses op appèl is, of daar 'n redelike vooruitsig is dat 'n ander Hof anders mag beslis. Verdere vereistes hou verband met die belangrikheid van die saak vir die partye en of dit enige praktiese effek op die geskil tussen die partye sal hê. Intussen is die beeste verkoop en die geld in trust by 'n prokureurskantoor belê.

- [6] Mnr. Duminy steun vir Farmsecure se aanspraak op die kontrak wat op **21 Junie 2010** met die trust gesluit is en die bepaling in klousule 5.1.17 daarvan dat die trust die vee binne sewe dae na die “*aankoop ooreenkoms*”, met Farmsecure se geregistreerde brandmerk te merk. Die kernbepaling vir doeleindes van eiendomsreg, volgens mnr. Duminy, word gesteun op klousule 6 waar in klousule 6.1.1 die trust erken dat eiendomsreg van die vee, totdat die vee herverkoop is en totdat die koopprys ten volle betaal is, in Farmsecure vestig.
- [7] Opvallend is dat die “*aankoop ooreenkoms*” identifiseer word as aanhangsel “**X1**” tot die kontrak. Alle aankope van vee sal volgens die ooreenkoms in so ’n aankoop ooreenkoms beliggaam word. In geeneen van die twee huidige onderskeie aansoeke is die aanhangsel “**X1**” aangeheg of voorgelê nie. In aansoek 705/2012 heg die trust wel sekere aanhangsels “**A**” en “**B**” aan. Dit is egter geen aankoop ooreenkoms nie. In laasgenoemde aansoek verduidelik die trust dat die trust by individuele of instansies vee aankoop en dat eiendomsreg deur die verkopers voorbehou word totdat hulle betaal is. (Aanhangsels “**C1**” en “**C2**” pagina 77-75; sien ook aanhangsels “**O3**” en “**O4**”, pagina 192 – 193, aansoek 596/2012). Die vee wat Farmsecure finansier, die eiendom van Farmsecure bly totdat dit bemark is. Farmsecure verklaar in hulle opponerende beëdigde verklaring tot aansoek 705/2012 dat Farmsecure eienaar word van die vee wat deur Farmsecure “*gekoop word*” (*nie finansier word nie*).
- [8] Mnr. Duminy argumenteer dat nie-nakoming van die kontrak deur

die trust, nie die beginsel van eiendomsverkryging, soos ooreengekom, affekteer nie. Mnr. De Bruin meld tereg dat eiendomsreg van roerende sake nie by blote ooreenkoms oorgedra word nie. Daar moet 'n erkende vorm van lewering plaasvind. Mnr. Duminy gee die beginsel toe en steun op die verskyningsvorm van *constitutum possessorium* as leweringsvorm.

- [9] Sedert **1 Desember 2011** finansier Absa die aankoop van vee deur die trust. 'n Soortgelyke faktuur word aan Absa voorgelê van aankope deur die trust waarna Absa die bedrae aan die trust oorbetaal. (Sien aanhangsels “**AB1**” tot “**AB86**”, pagina 146 – 234, aansoek 772/2012). Dit is nie betwis dat die voerkraal die vee vetmaak en verkoop oor 'n periode van 110 tot 120 dae nie. (Aansoek 772/12, p. 245, par. 9.17.2). Farmsecure het finansiering gestaak gedurende **September 2011**. Die on-duidelikheid of enige van die vee waarop Farmsecure aanspraak maak in elk geval nog gedurende middel **Februarie 2012** (ongeveer 150 dae later) nog teenwoordig kon wees, kon nie in argument opgeklaar word nie. Dit is duidelik dat alle vee, selfs nadat Absa as finansierder toegetree het, nog steeds met Farmsecure se brandmerk gemerk is, dan tog duidelik vir ander redes as om beeste te identifiseer wat finansier of aangekoop is deur Farmsecure. Die 210 dae waarna Mnr. Duminy verwys het handel met die tydperk waarbinne die trust enige gelde van Farmsecure ontvang, moet terugbetaal. (Aansoek 772/2012, p. 73 bylae “**AF**” en “**FC**”; p. 244, par. 9.13.)
- [10] Ek kon in argument geen duidelikheid kry presies hoe Farmsecure eienaarskap bekom het nie. Dat hulle nie self by verkopers

aangekoop het nie, is duidelik. Dat hulle finansiering aan die trust verskaf het, is duidelik. Mnr. Duminy verduidelik dat die aanbring van die brandmerk die uiterlike manifestasie verteenwoordig van die trust se veranderde bedoeling van besit om die vee nou namens Farmsecure te besit en dat Farmsecure dan terselfdertyd eienaarskap bekom. Wat is die duidelike regsgrond of *causa* wat vereis word dat die trust as eienaar voortaan die saak as blote besitter dit namens Farmsecure as eienaar besit? Klousule 4 van die ooreenkoms waarop mnr. Duminy steun, reël die aankoop van vee. Óf Farmsecure koop die vee direk in Farmsecure se eie naam van die verkopers, betaal die verkopers, hulle lewer die vee en Farmsecure verkry eiendomsreg; òf die trust word gemagtig om spesifieke vee namens Farmsecure aan te koop. Mnr. Duminy steun geensins op die alternatiewe been dat die trust as Farmsecure se agent opgetree het nie. Duidelik het Farmsecure nie enige vee direk by verkopers aangekoop en die verkopers betaal nie. Klousule 6, waarop mnr. Duminy steun, handel met eiendomsreg en moet in konteks met klousule 4 geles word. Dit is slegs daardie vee wat die trust erken en toestem dat dit die eiendomsreg daarvan in Farmsecure vestig.

- [11] Die slotsom blyk onteenseglik dat Farmsecure fondse tot die trust se beskikking gestel het en die kontrak poog om vir Farmsecure saaklike sekerheid te skep, weens hierdie finansiële hulp wat aan die trust verleen is. Behalwe die kontrak tussen Farmsecure en die trust, is die enigste ander kontraksvorm wat ter sprake is, die van 'n koopkontrak. Daar het geen koopooreenkoms van vee bestaan waar Farmsecure 'n kontraksparty was nie. Dit was waarskynlik “*suiwer 'n*

metode om die voertuig (in casu vee) as saaklike sekuriteit aan te wend ten einde die lening wat die bank (in casu Farmsecure) aan Hoosain (in casu die trust) maak, te verseker.” (BANK WINDHOEK BEPERK v RAJIE EN ‘N ANDER 1994(1) SA 115 A op 149 B; NEDCOR BANK LTD v ABSA BANK LTD 1998(2) SA 830 WLD).

- [12] Mnr. Duminy betoog dat daar niks bedrieglik in die transaksie tussen die trust en Farmsecure was nie. Almal was bewus van die situasie, maar die *bona fide* van die partye verhoed nie ’n Hof om by ontleding van die feite ’n afwesigheid van ’n regsokonklusie te bevind nie. (McADAMS v VIANDER’S TRUSTEE & BELL N.O. 1919 AD 207 op 228; BANK WINDHOEK BEPERK (*SUPRA*) op 143 I – 144 E; NEDCOR BANK (*SUPRA*) P. 835 H – J).
- [13] Mnr. Duminy het gesteun op die artikel van Professor Van der Merwe en Dr. L D Smith in **STELLENBOSCH LAW REVIEW 1999(3) P. 303 EN VOLGENDE** dat dit vir die handelsverkeer nodig is dat handelaars finansies benodig en finansiers sekuriteit benodig. Dat hierdie ooreenkoms dat eiendomsreg van die vee by Farmsecure berus gehandhaaf moet word. Die betrokke artikel behandel die **NEDCOR**- saak en die praktyksituasie by vloerplanne met nuwe en tweedehandse voertuie. Nuwe voertuie se vloerplan lewer geen probleem op nie. Die finansierder koop by die vervaardiger die voertuie, verkoop dit aan die handelaar met voorbehoud van eiendomsreg. By tweedehandse voertuie het die **NEDCOR**- beslissing nie die eienaarskap van die finansierder erken nie. In laasgenoemde geval koop die handelaar by derdes die voertuie aan, wat dit aan die handelaar lewer en die handelaar

benodig finansies hom hulle te betaal en die finansierder verskaf hierdie finansies onder 'n vloerplan dat die voertuie die eiendom word van die finansierder. Dit kan nie regtens gedoen word nie. Dit is 'n blote finansieringsooreenkoms en 'n poging om aan die finansierder saaklike sekerheid te verskaf. Die artikel se uitgangspunt in hulle kritiese bespreking is, “*here and throughout this article the assumption is that transfer of movables on credit, with reservation of ownership, is effected through a sale transaction.*” (Voetnoot 2, pagina 303). Daar is reeds daarop gewys dat Farmsecure nêrens op die stukke betrokke was by 'n koop en verkoop transaksie van die vee nie. Op die minste dat die trust die vee wat hulle aangekoop het, weer aan Farmsecure verkoop het. Die *causa* vir die veranderde wilsbesluit dat die trust nou ophou om as eienaar te besit maar namens Farmsecure as eienaar die vee besit, ontbreek.

- [14] Mnr. Duminy is reg dat die Verhoorhof bevind het dat die trust nooit die bedoeling gehad het om die vee te hou en in eiendomsreg aan Farmsecure oor te dra nie en dat dit 'n gewone leningstransaksie was wat gesimuleer is as 'n kooptransaksie met die vee as sekuriteit. Die bevindings is nie versoenbaar met Van Niekerk se oorspronklike getuienis in die Absa- aansoek en Absa Bank se kontrak in aansoek nommer 596/2012 nie. Dat hierdie getuienis van Van Niekerk nie in die uitspraak behandel is nie. Ek het die aspek versigtig oorweeg. Die blote herhaling deur of *ipse dixit* van Van Niekerk, dat Farmsecure die eienaar van die vee is, wat aangekoop is, is nie van so 'n aard of rede dat eienaarskap as gevolg daarvan in Farmsecure vestig nie. Ek is nie oortuig dat daar 'n redelike vooruitsig bestaan

dat 'n ander Hof anders mag beslis nie. Ek maak derhalwe die volgende bevel:

- [1] Die aansoek om verlof in aansoek 596/2012 en aansoek 772/2012 word afgewys met koste, koste om die koste van twee advokate in te sluit.

J Y CLAASEN, WND R

Namens die Applikant: Adv. W R E Duminy SC
Adv. P Zietsman SC
In opdrag van :
Honey Prokureurs
BLOEMFONTEIN

Namens Eerste Respondent: Adv. J P de Bruin SC
Adv. P J de Wet
In opdrag van :
Symington & De Kok
BLOEMFONTEIN